

“Wees jouself”: Afrikaner kultuurorganisasies in Rhodesië (1934-1980)

Gustav Hendrich
Universiteit van Stellenbosch
Departement Geskiedenis
gustavhendrich@gmail.com

Abstract

“Be Yourself”: Afrikaner cultural organizations in Rhodesia (1934-1980)

The problem of minority groups in host countries to preserve their culture is a world-wide phenomenon. In the history of Southern Africa the Afrikaners fundamentally experienced the same obstacles and restrictions concerning their linguistic and cultural rights, especially beyond the borders of South Africa. As a bulwark against potential assimilation, suppression and Anglicisation in predominantly English speaking Rhodesia (present-day Zimbabwe) the Afrikaner minority groups considered it essential to establish cultural organisations. The Afrikaanse Kultuurunie van Rhodesië (AKUR) [Afrikaans Cultural Union of Rhodesia] and the Genootskap van Rhodesiese Afrikaners (GRA) [Association of Rhodesian Afrikaners] thus came to serve as fundamental pillars in the preservation of the Afrikaner culture. These organisations would however not be exclusively concerned with culture, but would also strive for equal minority rights on the political front. This article aims to discuss the history and role of these cultural organisations.

Keywords: Rhodesia; Afrikaners; Minorities; Cultural organisations, Afrikaans Cultural Union of Rhodesia; Association of Rhodesian Afrikaners; Voortrekker Movement; Zimbabwe.

Inleiding

Studies oor minderheidsgroepe in gasheerstate of hul lande van herkoms het getoon dat daar deurgaans ’n behoefte vir die bewaring van hul kultuur bestaan. Minderhede word dikwels genoop om kultuurorganisasies te stig met die doelbewuste poging om hul eie kultuur te handhaaf. In samelewings waar minderheidsgroepe verplig voel of selfs bedreiging deur moontlike assimilasië

met die dominante hoofstroombevolkingsgroep in die gesig staar, lyk dit of die behoefte aan 'n standvastiger kultuurorganiseringsgroep te groter is.

In die oorwegend Engelssprekende Rhodesiese samelewing tussen 1890 en 1980, is dit betekenisvol om na die vasberadenheid en geesdrif van sommige Afrikaners en hul strewe vir taal- en kultuurbehoud te verwys. Historici het vroeër geopper oor die redes of motivering vir die daadwerklike, selfs tot 'n mate fanatiese pogings, waarom minderhede in gasheerstate aan hul betrokke kulture vasklou. Dit is vanselfsprekend dat minderheidskultuurgroepe hulself teen assimilasië, verdringing of ander vorme van ondermyning weer. Die onderliggende vrees vir stelselmatige assimilasië is in dié verband 'n belangrike beweegrede vir kultuurbehoud. In die geval van Rhodesië is dit opmerklik dat die Afrikaner-minderheid standvastig, dog geïsoleerd, daarin geslaag het om hul kultuur te bewaar.¹

In 1968 het 'n berig in die Afrikaanse dagblad, *Die Rhodesiër*, beklemtoon dat die “volkseie” met geesdrif waardeur en suiwer aan die opkomende geslag oorgedra behoort te word. Talle Rhodesiese Afrikaners was van mening dat hulle deur middel van 'n “geeskragtige lewensbeskouing en kultuur 'n lofwaardige bydrae tot die Rhodesiese samelewing kon lewer”. Die standpunt is verder gehuldig dat, tesame met hul identiteit en gehegtheid aan kultuur- en kerklike gemeenskappe, “ons eerste verantwoordelikheid teenoor Rhodesië daarin geleë is dat ons onself bly”.² Vandaar sou die latere leuse van die Genootskap van Rhodesiese Afrikaners (GRA), naamlik “wees jouself”, uit bogenoemde gedagte voortspruit. Dit is die doelwit van die artikel om die handhawing van Afrikaner-kultuur in organisatoriese verband in Rhodesië, histories te ontled.

Kultuurorganiserings deur minderhede

Voordat daar na die Afrikaanse kultuurstrewe en organisasies in Rhodesië gekyk kan word, is dit noodsaaklik om die teoretiese agtergrond van

1 Geografies het die gebied wat as Rhodesië bekend staan, deel uitgemaak van die voormalige Brits-beheerde koloniale gebied wat as die Federasie van Rhodesië en Njassaland (1953 tot 1963) bekend gestaan het. Na die skeuring van die Federasie in 1965 het Noord-Rhodesië (vandag Zambië), Njassaland (vandag Malawi) en Suid-Rhodesië (vandag Zimbabwe) as onafhanklike state vorm begin aanneem. Suid-Rhodesië het tussen 1965 en 1980 egter bloot as Rhodesië bekend gestaan. Sedert die bewindsoorname deur die Zimbabwe African National Union – Patriotic Front (ZANU-PF) in 1980 is die naam na Zimbabwe verander.

2 *Die Rhodesiër*, 23 Februarie 1968, p. 6.

minderheidsgroepe as wêreldwye verskynsel gedurende die 20ste eeu in ag te neem. In die sosiale wetenskappe rakende minderhede is daar meer as ooit op die politiek-staatkundige posisie en hul bestaansreg in 'n bepaalde samelewing gekonsentreer, terwyl weinig aandag aan kulturele aangeleenthede geskenk is. Na aanleiding van 'n studie deur Edward Chaszar oor nasionale minderhede maak hy die volgende stelling: “die probleem van minderhede is 'n wêreldwye probleem omdat elke staat (of gasheerstaat) se binnelandse beleide en houdings jeens sekere minderhede verskillend daaruit sien”.³

Daar is verder geargumenteer dat ten spyte van multikulturalisme in veelrassige state, regerings deur middel van nasiebou pogings aanwend om minderhede in 'n homogene nasie-en kultuurgroep te assimileer. Van die staanspoor af is dit hoofsaaklik die sterk teenstand teen nasiebou wat tot die konsolidering, versterking en soeke na eenheid van 'n minderheid aanleiding gee. Solomon A Derso het in 'n soortgelyke studie bevind dat selfbeskikking en voortdurende eise om kultuurregte as fundamentele mensereg, van veral inheemse minderheidsgroepe in Afrika, erken te kry 'n integrale rol in die instandhouding van minderhede speel.⁴ So byvoorbeeld het die San-gemeenskap van Botswana weens hul pleidooi daarin geslaag om hul kulturele tradisionele grondgebied te behou, ten spyte van regeringsvoorstelle om integrasie en gevolglike voordeel uit ekonomiese welvaart.⁵ Vir die San was die prysgawe van hul kulturele en geestelike verbintenis met hul grond ononderhandelbaar.

Volgens CJ Jooste se bespreking van Afrikaner-selfbeskikking is verder veronderstel dat minderhede assimilasiëbeleide vrees, dog steeds geleidelik as gevolg van faktore soos verstedeliking, in die hoofstroombevolking opgeneem kan word.⁶ Die vrees vir assimilasie het nie slegs ten opsigte van Afrikaners nie, maar ook in die internasionale gemeenskap voorgekom. As gevolg van dié vrees het talle taal- of kultuurverwante organisasies in verskeie lande tot stand gekom. Hierdie organisasies het 'n belangrike rol gespeel om 'n gevoel van veiligheid, selfvertroue en samehorigheid onder lede van 'n minderheidsgroep teweeg te bring. Enkele voorbeelde van sulke organisasies is die Bund deutscher Nordschleswiger (BdN) as oorkoepelende organisasie vir Duitssprekendes in Denemarke, Het Davidsfonds (DF) in België as aktiewe

3 E Chaszar, *The international problem of national minorities* (Matthias Corvinus, Toronto, 1999), p. 26 [Vertaal].

4 SA Derso (et.al.), *Perspectives on the rights of minorities and indigenous peoples in Africa* (Pretoria University Law Press, Pretoria, 2010), p. 304.

5 SA Derso (et.al.), *Perspectives on the rights of minorities and indigenous peoples in Africa*, p. 305.

6 CJ Jooste, *Afrikaner self-determination. A current appraisal* (Freedom Series, 1994), p. 14.

Vlaamse kultuurorganisasie, en Het Algemeen Nederlandse Verbond (ANV) wat daarop gemik is om die Nederlandse taal en kultuur in die Lae Lande te bevorder.⁷ In lande waar georganiseerde bewegings ontbreek, word kerke of skole behorende tot 'n minderheid as saambindende meganismes gebruik. Die Poolse minderheid in Engeland beskou byvoorbeeld die kerk as instelling om kultuur in stand te hou, terwyl die Santa Cruz Portugese sending 'n ondersteunende kulturele rol vir die Portugese minderheid in Quebec vervul.⁸

Die waarde van kultuurorganisasies is volgens FJ Kok veelseggend en word gewoonlik deur leiersfigure van 'n minderheidsgroep georganiseer. Kok het die grootse waarde van die organisasies soos volg uiteengesit: (1) die besondere bewarings-, handhawings- en uitbouingsfunksie wat uitgeoefen word, (2) die feit dat die individu nie alleen optree nie, maar kollektief binne 'n groep, (3) voorsiening van 'n opleidingsgeleentheid vir lede van die organisasie om leierskap, kennis en kundigheid te bevorder, (4) vervulling van 'n saambindende rol, (5) voorsiening van 'n geleentheid vir ontspannings- en sosiale aktiwiteite ter wille van sosialisering, en (6) standaardisering van kulturele komponente, byvoorbeeld taalgebruik.⁹ Die belangrikheid van jeugbetrokkenheid is eweneens 'n kerndoelwit van 'n kultuurorganisasie, aangesien die jeug as't ware die kultuurwaardes en tradisies moet voortdra. Daarbenewens moet die organisasie ook plooibaar, aanpasbaar en produktiwiteitsgerig tot die veranderende staat of politieke landskap wees.

In die geskiedenis van Suider-Afrika het die Afrikaner dit noodsaaklik geag om georganiseerde kultuurliggame of instellings te stig. Hoewel die Afrikaners die meerderheid van die totale blanke minderheid in Suid-Afrika verteenwoordig het, was polities-historiese oorsake verantwoordelik vir die skepping van volwaardige kultuurorganisasies. Na die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902 is die Afrikaner se taal en kultuur algaande bedreig deur Alfred Milner se verengelsingsbeleid, die toepassing van artikel 137 van die Uniegrondwet van 1910 wat die afskeping van Afrikaans meegebring het, asook ander faktore soos verstedeliking en die doelbewuste verengelsing van Afrikaanssprekendes op die spoorweë.¹⁰ Gevolglik was dit 'n kulminasie

7 FJ Kok, Die taak van kultuurorganisasies in minderheidskultuurgroepe met besondere verwysing na die ATKV (Ongepubliseerde D.Phil-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1992), p. 68.

8 FJ Kok, Die taak van kultuurorganisasies in minderheidskultuurgroepe met besondere verwysing na die ATKV, p. 51.

9 FJ Kok, Die taak van kultuurorganisasies in minderheidskultuurgroepe met besondere verwysing na die ATKV, p. 57.

10 APJ van Rensburg, *Monumentaal die bouwerke... 'n Halfeeu op die voorpos – die verhaal van die ontstaan, groei en prestasies van die ATKV (SAS en H)*, p. 140.

van bogenoemde redes en minagting vir Afrikaans wat inderwaarheid as aansporing onder Afrikaners gedien het om hul kultuur op gesaghebbende wyse te organiseer. Teen die dertiger- en veertigerjare is daar telkens na die stiefmoederlike behandeling van Afrikaans verwys en met venyn probeer om Afrikanernasionalisme en -kultuur as teenvoeter daarvan te koördineer. In 1930 is die Afrikaanse Taal-en Kultuurvereniging (ATKV) hoofsaaklik deur Afrikaanse spoorwegwerknemers in Kaapstad gestig. Hul besware en belange sou langsamerhand na alle Afrikaners en hul strewe na kultuurhandhawing uitkring. In die statute van die vereniging is die doelstelling van die organisasie gestipuleer om eerstens die Afrikaanse taal “als skryf- sowel as spreektaal, te bevorder”, en tweedens “om bij die Afrikaner volk meer agting en liefde daarvoor op te wek”.¹¹

Vanweë die snelle groei en uitbreiding van bogenoemde organisasie, asook die vorming van ander Afrikaner-sport- en -jeugorganisasies, is daar in 1937 besluit om ’n oorhoofse organisasie te stig. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge het dus tot stand gekom en het ná die FAK-kongres te Bloemfontein in Mei 1937 die volgende organisatoriese doelwitte neergelê: “Die hoofsaak van ons kultuurvereniginge is nie om kultuur te fabriseer nie, maar om die voorwaardes en toestande te skep vir die gesonde innerlike groei van die Afrikaanse kultuur. Die Afrikaanse volkstrewe moet hom noodwendig ook openbaar as ’n stryd teen omgewingsinvloede wat meewerk om die kern daarvan te vervals. Hierdie strydmoment mag daarom nie verontagsaam word nie”.¹² Na die inwyding van die Voortrekkermonument in Pretoria in 1949 het veral die ATKV ’n bloeityd beleef in die kultuurverryking en die organisering van jaarlikse volksfeeste, kongresse en opheffingsaksies.¹³ Deur die doelgerigte organisering en bestuur kon die Afrikaanse kultuur gehandhaaf en die voortbestaan daarvan verseker word.

Die stryd en strewe van Afrikaners in Rhodesië

Met die oopstelling van Rhodesië vir blanke immigrasie gedurende die 1890s is Afrikaners deur die Britse ryksimperialis Cecil John Rhodes versoek om weens landboudoeleindes daarheen te verhuis. Verdere oorsaaklike redes soos die vurige “trekgees”, die aanloklikheid van nuwe werkseleentheid en

11 *Statute van die Afrikaanse Taal Vereniging* (Van der Sandt de Villiers Drukkers, Kaapstad), pp. 4-6.

12 “FAK-kongres”, Referate en Verslag (6 en 7 Julie 1937, Bloemfontein), pp. 121-122.

13 *Die Taalgenuot*, Januarie 1960, p. 4 (Die taak van die Afrikaanse Kultuurorganisasie in die opbou van die Volk).

persoonlike welvaart het aanleiding daartoe gegee dat talle Afrikaners in individuele of georganiseerde trekke na Rhodesië verhuis het. In wese sou die trekke die fundamente van 'n Afrikaner-minderheidsgroep lê. Hoewel die meeste van die Afrikaner-immigrante 'n armoedige lewe as bestaansboere gevoer het, het hulle stelselmatig hul stempel of feitlik alle fasette van die Rhodesiese samelewing afgedruk. Afrikaners het die tweede grootste blanke bevolkingsgroep, met ongeveer 35 000 teen 1975, verteenwoordig.¹⁴ Afgesien van hul relatiewe bevolkingsterkte as minderheid is daar vanuit regeringsweë minder as ooit aandag geskenk aan die taal- en kultuurbehoefte van die Afrikaner-bevolkingsgroep. Die onderlinge redes daarvoor was diepgesetel. Aangesien die meerderheid van die Afrikaner-trekke hul oorsprong in die voormalige Boererepublieke gehad het, is dit belangrik om die lewensbeskouings en kulturele agtergrond van hierdie Afrikaners in ag te neem. As landelike bevolkingsgroep het hierdie Afrikaner-trekkers vanweë hul Christelik-Calvinistiese geloofsoortuigings en as voorstanders van 'n republikeinse ideaal 'n konserwatiewe leefstyl openbaar. Gevolglik het Afrikaners hul konserwatiewe “mentaliteitsbagasie” na 'n pro-liberalistiese Engelssprekende kolonie gebring.¹⁵

Afrikaners het hulle gewoonlik in die nabye omgewing van dorpe en stedelike gebiede, waaronder Melsetter, Bulawayo, Umtali, Enkeldoorn en Salisbury gevestig. Dit was noodsaaklik dat landelike Afrikaner-boere of -werklui binne die reikwydte van dorpsgebiede woonagtig moes wees, sodat dit as afsetgebiede vir hul produkte, handel en algemene plek van samekoms kon dien. In Melsetter, wat as die kulturele magsbasis en fokuspunt van die Afrikaner beskou is, is 'n Voortrekkergedenkteken ter nagedagtenis aan die Gazalandse trekke opgerig. Hoewel daar talle kultuurvergaderings en samekomste in die Afrikaner-meerderheidsenklawe was, het Melsetter egter weens die uitwerking van ooskuskoors en verstedeliking langsamerhand ontvolk.

Hoewel Afrikaners hulself op feitlik alle terreine van die Rhodesiese arbeidsmark bevind het, het die meerderheid hulle op die ontluikende landboumark, en die tabakbedryf in die besonder, toegespits. Talle Afrikaners uit Suid-Afrika sou na 1945 weens die opbloeï in laasgenoemde bedryf na Rhodesië emigreer. Afrikaner-tabakboere sou mettertyd finansiël

¹⁴ G Hendrich, *Die geskiedenis van die Afrikaner in Rhodesië (1890-1980)* (Ongepubliseerde Ph.D-verhandeling, Stellenbosch Universiteit, 2010), p. 275; *Die Rhodesiër*, September – Desember 1976 (So word gelofte in Rhodesië herdenk).

¹⁵ G Hendrich, *Die geskiedenis van die Afrikaner in Rhodesië (1890-1980)*, p. 287.

voortstrewend word en groot aansien verwerf in die verbouing van Rhodesië se primêre uitvoerprodukt.¹⁶

Figuur 1: Voortrekkermonument te Melsetter



Bron: C Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië* (CJO Groenewald, Bloemfontein, 1978), p. 27.

Tydens die stigtingsjare van Rhodesië na 1890 en selfs gedurende die Anglo-Boereoorlog het 'n oorwegend goedgesinde verhouding tussen Afrikaners en Engelssprekende Rhodesiërs geheers, maar dit het na die afsterwe van Rhodes in 1902 handomkeer verander. Die Britse owerheid in Rhodesië

¹⁶ G Hendrich, "Die geskiedenis van Afrikaner betrokkenheid in die Rhodesiese tabakbedryf (1890-1980)", *Joernaal van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika*, 56, 2, November 2011, p. 48.

het met die instelling van strenger immigrasiebeleide die immigrasie van Afrikaners toenemend probeer beperk. Hoofsaaklik uit vrees vir 'n dominante teenwoordigheid van Afrikaners, hul konserwatiewe leefstyl, geloofs-en ideologiese verskille, asook die opkoms van 'n potensiële Afrikanernasionalisme in Rhodesië is 'n beleid van passiewe ontmoediging ingestel.¹⁷ Tesame met die onsimpatieke houding is Afrikaners ook polities gemarginaliseer en uitgeskakel sodat hulle geen invloed op die Rhodesiese politiek kon hê nie.¹⁸ Die stand van sake sou eers na 1965 verander met die toelating van Afrikanerpolitici tot die hoofstroom-politiek.

Die doelbewuste strewe van Afrikaners om hul taal en kultuur binne 'n oorwegend Engelssprekende samelewing te handhaaf, het lynreg met die Rhodesiese owerhede begin bots en tot 'n langdurige stryd aanleiding gegee. Hoewel Afrikaans as taal van onderrig oorwegend op die platteland gegeld het, het die Britse onderwysbeleid na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) toenemend daarop aangedring dat slegs Engels as medium van onderrig ingestel moes word. Met 'n gevoel van bitterheid en miskennings het sommige Afrikaners (veral onderwysers en predikante) dit as 'n blatante belediging vir Afrikaners in Rhodesië beskou.

In Februarie 1916 het protesaksies teen Afrikaner-diskriminasie en die verwaarloosde stand van Afrikaner-onderwys in sogenaamde Christelik-Nasionale Onderwys- (CNO) skole in Rhodesië voorgekom. Twee NG-predikante, FH Badenhorst en BJ Kloppers, het die ontevredenheid van Afrikaners in Rhodesië vertolk en in 'n pleidooi aan Afrikaners in die Unie van Suid-Afrika die ondergeskikte behandeling van Rhodesiese Afrikaners en hul taal verduidelik. Volgens dié predikante was dit geen onbekende feit nie dat die Afrikaners in Rhodesië onder die wette van die land op dieselfde grondslag as ander buitelanders, soos Asiate, Grieke en Jode geplaas is, en dat die Afrikaners binne die onderwysraamwerk selfs minder regte as dié van die swart inheemse groepe van die land geniet het. Die pleidooi is verder versterk deur die standpunt dat daar reeds vir dertien jaar vrugtelos by die Rhodesiese regering vir verbeterde taalregte gepleit is. Met groot ontevredenheid het hulle die volgende verneem: "... the laws of the country make no provision for

17 Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Colonial Secretary 805, (1/12962): *Warning against emigration to Southern Rhodesia*.

18 Anon., "Nou die geleentheid", *Rhodesiese Kommentaar*, 24 Julie 1967, p. 1.

Dutch teaching, and even recently the Administrator has publicly declared that there is no prospect of change in the said laws".¹⁹

Ten spyte van die Afrikaanse taalstryd en petisies om die erkenning en goedkeuring van Afrikaans as tweede taal, het die Britse owerhede nie aan hierdie eise toegegee nie. Dit blyk dat die politieke oorwegings van die Britse owerhede 'n deurslaggewende faktor was in hul uiteindelijke besluit om Afrikaans as volwaardige tweede taal in die onderwys te verwerp. Hierdie besluit is geneem op grond van die betrokke amptelike verslag waarin Foggin die volgende stel: "I am convinced that if the concession of mother-tongue instruction were allowed in the schools of Rhodesia, it would result at once in Dutch districts in the teaching to the children of characteristic anti-British and anti-Imperial principles of the Nationalist party".²⁰

Afgesien daarvan dat Afrikaners oorwegend lojaal teenoor die Rhodesiese regering was en veral die eise om verpligte militêre dienste doen, nagekom het, het die spanning tussen die twee taalgroepe veral gedurende die Tweede Wêreldoorlog 'n hoogtepunt bereik. Die sogenaamde Enkeldoorn-insident van 1944, waartydens 'n Afrikaanse seun 'n Engelse seun by die Enkeldoorn-skool vermoor het, het skokgolwe veroorsaak wat die bitterheid en skeiding tussen die oënskynlike pro-Duitse Afrikaners en pro-Britsgesinde Engelssprekende Rhodesiese inwoners blootgelê het. 'n Kommissie van ondersoek het bevind dat die voortslepende taalkwessie en kultuurstryd besliste motiewe vir die insident was.²¹

Nasionalisties-gesinde Afrikaners het ondertrouery en verengelsing beskou as verdere hindernisse, wat op hulle beurt die Afrikaner in Rhodesië kon ondergrawe. Die ondertrouery van Afrikaners met Engelssprekende Rhodesiërs was nou verweef met die verengelsing van Afrikaner-kinders en -huisgesinne. Dit is egter vanselfsprekend dat die Afrikaners wat met Engelse getrou het grootliks verengels het as gevolg van die oënskynlike oorheersing en meerderwaardigheid van Engels. In sommige gevalle het aangetroude

19 Argief-en Rekorddiens van die Wes-Kaap (hierna WCARS), PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 140: Onderwys en Kerk (Rev. FH Badenhorst (Chairman) and Rev. BJ Kloppers (Secr.) Sby. – For the Rhodesia Education Commission. Re: Christian National Education in Rhodesia. Addressed to our people and fellow-believers in the Union of South Africa), pp. 23-24.

20 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 140: Onderwys en Kerk, LM Foggin Dir. Educ. – The Sec. Dept. of Admin, 11 Mei 1917, (A3/9/7), p. 27.

21 G Hendrich, "Allegiance to the Crown: Afrikaner Loyalty, Conscientious Objection and the Enkeldoorn Incident in Southern Rhodesia during the Second World War", *War and Society*, 31 (3), June 2012, p. 227.

Afrikaners geheel en al van hul Afrikaner-families en -kultuurwaardes vervreemd geraak.²²

Ten spyte van die eksterne probleme van verengelsing en ondertrouery sou die interne probleem van ondeelnemendheid onder sommige Afrikaners toenemend 'n doring in die vlees van beide die Afrikaner-kerke en -kultuurorganisasies word. As gevolg van die oorheersende uitwerking van Engels het dit algaande moeiliker geword om Afrikanerskap te bevorder. Dit het ook aanleiding gegee tot die inskerping van pogings om Afrikaners tot kulturele deelname te motiveer. Ds. JH Boneschans het tydens 'n heldedagtoespraak in 1975 verwys na die belangrikheid van die stimulering van kulturele waardes in gesinsverband. Hy het na president Paul Kruger as voorbeeld van vasberadenheid verwys en aangevoer dat "...hy vir ons die erfenis verseker het waarin ons vandag kan deel. Vir Kruger het dit gegaan om die behoud van sy volk, die Afrikanervolk, teenoor die invloede en gevare van oorsee. Hy was ingestel om te behou en te bly wat hy is".²³ Boneschans het terselfdertyd sy skaamte oor die ondeelnemendheid onder Afrikaners soos volg uitgespreek, naamlik dat hy "... in Salisbury die bussie van The Portugese Community en die bussie van die Hellenic Community School sien rondry... en [dat hulle] in hul eie volkseie onderrig word". Dit is duidelik dat die vrees vir moontlike assimilasië, ondermyning of uitsterf van Afrikaans en die Afrikaner-kultuurstrewe tot die doelbewuste kultuurorganiserings sou bydra.

Die Afrikaanse taalstryd sou uiteindelik ook lei tot 'n kultuurstryd wat vernaamlik deur Afrikaner-kerke, te wete die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerk, en hul kerklui ondersteun en aangevuur is.

Die Afrikaanse Kultuurunie van Rhodesië (AKUR)

In noue verwantskap met die Afrikaner-kerke het enkele prominente kultuurorganisasies en -verenigings ter ondersteuning en instandhouding van die Afrikaner-kultuur in Rhodesië tot stand gekom. Die eerste volwaardige kultuurorganisasie is reeds in 1934 na 'n besoek en voorstel deur dr. J van der Merwe tydens 'n vergadering op Daisyfield gestig. Hierdie organisasie

²² Sien G Hendrich, *Die geskiedenis van die Afrikaner in Rhodesië (1890-1980)* (Ongepubliseerde Ph.D.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 2010).

²³ Anon., "Afrikaner identiteit in Rhodesië", *Die Rhodesiër*, Februarie 1975, p. 5.

sou allerweë as die Afrikaanse Kultuurunie van Rhodesië bekend staan. Die onderliggende doelstellings en bestuurswerkzaamhede van die organisasie was soortgelyk aan dié van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging in Suid-Afrika. Volgens ds. Sarel Kotzé het die organisasie deurentyd sterk bande met ander Afrikaner-verenigings, waaronder die Afrikaner Broederbond, gehandhaaf.²⁴

Op die vergadering van 16 Maart 1934 is die bestuurslede van AKUR deur 'n stemming verkies: DH Davel is as voorsitter, CE Vermaak as onder-voorsitter en dr. J van der Merwe as sekretaris.²⁵ Sedert sy stigting het AKUR geleidelik ontwikkel en sy ondersteunersbasis vergroot. Tydens die vyfde AKUR-kongres te Salisbury in Oktober 1946 het die voorsitter, ds. PJ Cilliers, 'n historiese oorsig oor die stigting en ontwikkeling van AKUR gegee. Cilliers het veral hulde gebring aan die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings en gesê dat dit verhoed het dat “ons volk onwetend gedenasionaliseer, geliberaliseer, of geïmperialiseer word”.²⁶ Nadat die eerste kunswedstryd op Umtali gehou is, is die eerste skakelkomitee bestaande uit ds. CA van Schalkwyk en ene mej. Stander en Van Blerk aangestel. Tydens die eerste vergadering van die skakelkomitee op Daisyfield het ds. Van Schalkwyk in sy voorsittersrede die gehoor gemotiveer om hul Afrikanerskap uit te leef en veral dr. J van der Merwe as die draer van die Afrikaner-kultuurlewe na Rhodesië vereer.

Tydens hierdie vergadering het ds. Cilliers die algemene doelstellings van die Afrikaanse Kultuurunie van Rhodesië op eenvoudige wyse uiteengesit. Eerstens moes AKUR bloot dien as skakelkomitee wat alle ander Afrikaner-kultuurorganisasies en -liggame sou saamsnoer en affilieer ter bevordering van alle Afrikaner-belange en die algemene geestesgoedere van die Afrikaner in Rhodesië, met die uiteindelijke doel om 'n sterk eenheidsfront te vorm. Tweedens moes daarna gestreef word om die ‘hartlike samewerking’ van die hele Afrikaner-volk in Rhodesië te verkry. Derdens moes sowel AKUR as ander afsonderlike verenigings en liggame die daadwerklike behartiging van alle Afrikaner-belange (sowel geestelik as stofflik) op kultuurgebied aanmoedig. Die laaste vername doelstelling was om die Afrikaner-volk en sy identiteit

24 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Vraelys, ds. S Kotzé (Voormalige NGK-predikant en vryskut-joernalis, Potchefstroom/G Hendrich (Navorser), 29 Mei 2009.

25 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 166: Notuleboek, Notule van Vergadering gehou op die 16de Maart 1934 met die doel om 'n A.T. en K. Vereniging te stig, n.p.

26 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 166: Notuleboek, Notule van die vyfde AKUR Kongres gehou in die Kerksaal te Salisbury 12 Oktober 1946, Bylaag 1, Historiese oorsig, p. 1.

behoue te laat bly deur in die taal-en onderwysstryd vir hulle in die bres te tree.²⁷

Verdere korttermyn doelwitte, naamlik om 'n Afrikaanse drukpers vir die verspreiding van Afrikaner-lektuur te stig en huisvesting vir werkende Afrikaner-dogters in Salisbury te verkry, is ook ter tafel gelê.²⁸ Nadat 'n drukpers in gebruik geneem is, was dit moontlik om Afrikaanse dagblaie en koerante, soos die *Zambesi Ringsblad*, *Kern* en *Die Volksgenoot*, in Rhodesië te publiseer. Tydens die AKUR-kongres op 12 Oktober 1946 is die leuse van AKUR, naamlik “Wees jouself”, aanvaar en 'n daadwerklike program van aksie voorgestel. Die vernaamste beskrywingspunte van die program van aksie het die volgende voorstelle aan die hand gedoen, wat in der waarheid die totale beleid van AKUR sou behels en rugsteun: (1) geaffilieerde Afrikaner-organisasies moes alle pogings aanwend om nie-geaffilieerde Afrikaner-organisasies te oorreed tot affiliasie met AKUR om sodoende Afrikaner-kragte saam te snoer; (2) reddingsdaadwerk het 'n baie prominente plek in die programme van geaffilieerde liggame ingeneem; (3) die oprigting en ondersteuning van Afrikaner-besighede het nog steeds die beleid van AKUR gebly; (4) alle Afrikaner-organisasies moes hulle beywer om liefde vir die Afrikaanse kerk, taal en geskiedenis by mede-Afrikaners op te wek; (5) alle Afrikaner-organisasies, in veral dorpe, moes saamspan om die Afrikaner-jeug te ondersteun; (6) alle nodige steun moes nog steeds aan die instandhouding en verspreiding van die *Zambesi Ringsblad* verleen word; (7) alles moes binne die vermoë van elke Afrikaner-organisasie gedoen word om spaarsin aan te kweek; (8) Afrikaners moes aangemoedig word om soveel moontlik grondbesitters te word; (9) Afrikaner-volksfeeste en -helde moes voortdurend in ere gehou en gehuldig word (in hierdie opsig was Voortrekker-drag 'n uiters belangrike vereiste); en (10) volkspele en -liedere moes voortdurend die volk se aandag geniet.²⁹

Vir die doeltreffende implementering van bostaande program van aksie is drie sirkelbesture, te wete Noord-Rhodesië, Matebeleland en Mashonaland, geskep. Hierdie besture moes toesien dat praktiese samewerking, kulturele konsolidering en kontak tussen die verenigings voortdurend in stand gehou

27 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 166: Notuleboeke, Notule van die vyfde AKUR Kongres gehou in die Kerksaal te Salisbury 12 Oktober 1946, Bylaag 1, Historiese oorsig, pp. 1-2.

28 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 166: Notuleboeke, Notule van die vyfde AKUR Kongres gehou in die Kerksaal te Salisbury 12 Oktober 1946, Bylaag 1, Historiese oorsig, p. 2.

29 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 166: Notuleboeke, Notule van die vyfde AKUR Kongres gehou in die Kerksaal te Salisbury 12 Oktober 1946, Bylaag 11, Voorgestelde Program van Aksie, pp. 9-10.

word. In die *Zambesi Ringsblad* van 9 Maart 1948 is versoek dat AKUR en die Afrikaner-kerke ook nouer moes saamwerk om “een verteenwoordigende liggaam van die Afrikanerdom in Rhodesië te vorm”.³⁰

Met AKUR aan die voortou kon Afrikaner-belange meer nougeset beskerm en hul klagtes oor kultuurverdringing teenoor die regering uitgespreek word. Die Rhodesiese regering het byvoorbeeld “Geloftedag” [tot in 1952 as Dingaansdagbekend] op 16 Desember 1938 vir ‘n kort tyd (vanaf 1938 tot 1940) tot openbare vakansiedag geproklameer, wat grootliks te danke was aan ‘n versoek wat deur AKUR gerig is. Feesvierings het op georganiseerde grondslag plaasgevind en ‘n feeskomitee bestaande uit DH Davel (voorsitter), dr. HC de Wet (onder-voorsitter), CJ Kleyn (sekretaris) en andere, is aangestel.³¹ Verskeie Dingaansfeeskommissies is reeds oor ‘n lang tydperk dwarsoor Rhodesië gestig, en met hulle toedoen is daar dikwels petisies vir die herdenking van dié vakansiedag opgestel. Tydens ‘n Dingaansfeeskommissievergadering van 11 November 1936 is byvoorbeeld daarop aangedring dat Afrikaners die petisie moes onderteken, sodat dit aan die volgende parlamentsitting in Salisbury voorgelê kon word.³² Ten spyte daarvan dat Afrikaner-volksfeeste, en spesifiek die Geloftefeis, gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) as polities nie-korrek beskou is en waarop die Britse owerhede merendeels neergesien het, het die vieringe onverpoos voortgegaan.

‘n Verdere klagte wat veral deur AKUR in Rhodesië aanhangig gemaak is, het gehandel oor die ontheiliging van die Sabbatdag. As AKUR-voorsitter het dr. Deon Kempff van die Gereformeerde Kerk in Oktober 1954 ‘n memorandum oor Sabbatsontheiliging opgestel. ‘n Ernstige versoek is aan die regering gerig: “Ooreenkomstig die stryd van die Christene deur die eeue heen is dit ons heilige plig om te getuig teen die sedelik-ongoorloofde en onchristelike praktyke van die landsowerheid van Suid-Rhodesië”. Dr. Kempff het vervolgens skerp kritiek gelewer oor die hou van verpligte militêre parades en oefeninge op Sondag, en dat “die owerhede daarom ontrou is aan God en die burgers indirek gedwing word om hul gewete te verkrag”.³³ Hierdie kritiek van AKUR is egter grootliks deur die Rhodesiese regering en die Engelssprekende bevolking geïgnoreer.

30 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 98: Rhodesië na 1890, *Trekke na Rhodesië (Zambesi Ringsblad*, 9 Maart 1948, ‘AKUR moet erken word’), p. 3.

31 C Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië*, p. 163.

32 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 166: *Notuleboeke, Notuleboek van die Dingaansfees kommissie*, Oktober 1929 – Februarie 1947, Dingaanskommissie vergadering, 11 November 1936.

33 C Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië*, p. 163.

Die Genootskap van Rhodesiese Afrikaners (GRA)

Die tydperk na die verbrokkeling van die Federasie van Rhodesië en Njassaland en die eensydige onafhanklikheidsverklaring (*Unilateral Declaration of Independence* of UDI) van Rhodesië op 11 November 1965, waarna die bestaansreg van die land deur die Britse Ryk as ongeldig verklaar en gesanksioneer is, is deur groot politieke onsekerheid gekenmerk. Die blanke openbare standpunt was dat indien Rhodesië moontlik na die beëindiging van die federasie in duie sou stort en in die hande van 'n swart meerderheidsregering beland, hulle eerder onafhanklikheid langs eie weë sou verkies. Buitelandse politieke druk is teen die regering onder leierskap van eerste minister Ian Smith verskerp. Die Rhodesiese bosoorlog, of die sogenaamde “Tweede Chimurenga” of bevrydingstryd, het die posisie van die blanke bevolking verder onder druk geplaas namate swart nasionaliste hulself tot 'n gewapende stryd gewend het.³⁴ Dit wil voorkom of die onsekerhede op politieke en ekonomiese gebied ook na die sosiale en kulturele lewe van blanke Rhodesiërs uitgekling het, en tot 'n kragdadiger kultuurstrewe onder Afrikaners in die besonder gelei het.

Tydens die Tweede Volkskongres van September 1965 het die NG Kerk se Sinodale Sekretaris, verteenwoordigers van die susterkerke en AKUR eenparig besluit om 'n nuwe organisasie te stig. Hierdie organisasie sou as die Genootskap van Rhodesiese Afrikaners bekendheid verwerf. 'n Uitvoerende Raad met 'n voltydse direkteur en sekretaris, Ferdie Boshoff, is op 1 Mei 1966 aangestel om die GRA se doelstellings en aktiwiteite te koördineer. Die eerste raadslede was CJO Groenewald (voorsitter), ds. WJ Bruwer (ondervoorsitter), J Welman, M Kruger, ds. S Boshoff, MJ Louw, ds. J Keaney, AL Esterhuysen, ds. JTH de Jager, ds. J de V Grobbelaar en C Roode (tesourier).³⁵ Hoewel die meerderheid van die raadslede aanvanklik predikante was, het die meeste van die GRA-lede volgens Schalk Viljoen, 'n voormalige beesboer in Rhodesië, later vanuit die Afrikaner-boeregemeenskap gekom.³⁶

Op die GRA-kongres van 10 en 11 September 1965 is die grondwet van die Genootskap van Rhodesiese Afrikaners goedgekeur. Die vernaamste doelstellings van die grondwet was soos volg: (1) om alle beskikbare kragte

34 G Hendrich, *Die geskiedenis van die Afrikaner in Rhodesië (1890-1980)*, p. 263.

35 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 98: Rhodesië na 1890, Trekke na Rhodesië, *Gesindheid en Beskouing* (Nuusbrief van die G.R.A. Jaargang 1, no. 1), Junie 1966, p. 2.

36 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Onderhoud, S Viljoen (Voormalige Rhodesiese beesboer, Pretoria)/G Hendrich (Navorsers), 8 Mei 2009.

op kultuurgebied in 'n sentrale Afrikaanse kultuurorganisasie te organiseer; (2) om as mondstuk van die Afrikaner in Rhodesië op te tree; (3) om nouer samewerking te bevorder tussen alle ander afsonderlike Afrikaanse instansies wat hoofsaaklik vir ander doeleindes opgerig word.³⁷ Ter bevordering van die doelstellings is bepaal dat 'n jaarlikse volkskongres in Septembermaand belê moes word; dat streekkongresse gehou sou word; persone as donateurs van die GRA gewerf sou word; om langs alle moontlike weë nouer samewerking met die FAK in Suid-Afrika te soek; om geld in te samel deur middel van kollektelyste, basaars, openbare oproepe en enige ander soortgelyke wyse; en om met enige owerheid of regering te onderhandel. Grondwetwysigings sou alleenlik op die basis van 'n twee-derde meerderheid deur die GRA geneem word.³⁸

Die voordele van die GRA het gou belangstelling onder die meerderheid Rhodesiese Afrikaners aangewakker. Volgens oudminister Rowan Cronjé was die GRA verteenwoordig in elke hoekie, dorp en gehuggie en hulle het een keer per jaar Salisbury toe gekom.³⁹ Tydens die jaarlikse kongres is verskeidenheidskonserte aangebied, toesprake en referate gelewer en formele besprekings gehou. Schalk Viljoen het die GRA as 'n "baie lewendige organisasie" beskryf.⁴⁰ Ds. Sarel Kotzé, wat ook by talle geleenthede as spreker en selfs in toneelopvoerings opgetree het, het verklaar dat "wanneer 'n volksaamtrek, 'n toneelfees of kunstefees deur AKUR of die GRA gehou is, die deelname verstommend was, sowel wat gehalte as deelname van oor die hele land betref".⁴¹ Etlike sprekers en sangers vanuit Suid-Afrika, soos Gé Korsten en Mimi Coertse het gereeld ook aan verskeidenheidsprogramme deelgeneem.

'n Kenmerk van die aktiwiteite van die GRA was die groot geesdrif vir die viering van Afrikaner-volksfeeste en Geloftedag in die besonder. Feeskomitees is met die ondersteuning van die GRA in twintig sentra in Rhodesië gestig om Geloftedag-saamtreke van ongeveer vier dae per geleentheid te organiseer.⁴² In September 1966 het FP Boshoff van die GRA 'n beroep op Afrikaners gedoen om ook Helledagvieringe, wat Krugerdag op 10 Oktober herdenk

37 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 98: Rhodesië na 1890, Trekke na Rhodesië, Genootskap van Rhodesiese Afrikaners, Grondwet.

38 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 98: Rhodesië na 1890, Trekke na Rhodesië, Genootskap van Rhodesiese Afrikaners, *Grondwet*.

39 Privaatonderhoud: R Cronjé, 6 Mei 2009.

40 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Onderhoud, S Viljoen/G Hendrich, 8 Mei 2009.

41 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Vraelys, ds S Kotzé/G Hendrich, 29 Mei 2009.

42 *Kern*, 18 November 1966, p. 2 (Geesdrif vir Geloftefeeste).

het, by te woon. Boshoff het uitdruklik verklaar dat die doel van Helledag was om “uit ons eie geskiedenis moet en inspirasie vir ons groot taak hier te lande te put”.⁴³ Ds. Sarel Kotzé het verklaar dat hy tydens die Geloftefeeste daadwerklike pogings aangewend het om die Afrikaners by wyse van toesprake van hul geskiedenis bewus te maak.⁴⁴ Daardeur wou instansies soos die GRA dus die historiese bewussyn van die Afrikaner in Rhodesië bevorder. Met die Langenhovenfeeste is daar regoor Rhodesië byvoorbeeld talle dramatiserings van en voorlesings uit die digter CJ Langenhoven se werk aangebied.

Geloftefeeste is met mening dwarsdeur Rhodesië gevier. Op belangrike Afrikaner-nedersettings soos Hugosfontein naby Enkeldoorn, Centenary in die noorde, Mayo Ranch in die ooste en Theydon naby Marandellas, het feessaamtrekke van ongeveer drie dae per geleentheid plaasgevind.⁴⁵ Teen 1976 was daar 21 aktiewe Geloftefeeskomitees oor Rhodesië versprei. Kultuuraktiwiteite soos volkspele, samesang, kranslegging by die Voortrekkermonument te Melsetter, boeresport vir die jeug, vleisbraaigeleenthede, jukskei en konserte is gehou.⁴⁶ Hierdie Geloftefeeste was onteenseglik belangrike ontmoetingspunte waar kultuurgedagtes tussen Afrikaners uitgeruil kon word.

In 1975 is daar ook Taalfeeste ter herdenking van die honderdjarige bestaan van die Afrikaanse taal oor die hele Rhodesië gevier. Talle Rhodesiese Afrikaners het as feesgangers aan die vieringe deelgeneem. In Marandellas was daar byvoorbeeld 44 hardlopers met fakkels, en verskeie fakkellope tussen Salisbury en Messina is met groot geesdrif deur J de Villiers georganiseer.⁴⁷

Afgesien van die bevordering van sosialisering tussen Afrikaners tydens byeenkomste het die GRA ook mettertyd die rol as kwasi-politieke organisasie ingeneem. Die politieke betrokkenheid van die GRA het veral vanweë die konstante aandrang by die Rhodesiese regering om meer Afrikaansmediumskole te stig en algemene bedagmaking van gelyke regte op die voorgrond getree. Die Bothashof-skool in Salisbury wat in Januarie 1946 opgerig is en tot ’n laer-en hoërskool uitgebrei is, was die uitsondering op die reël. Die kerkskool wat administratiewelik onder beheer van die Ring van Bulawayo gersorteer het, het die fokuspunt en sentrale bymekaarkomplek

43 *Kern*, 16 Augustus 1966, p. 4 (Volkskongres en Helledag).

44 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Vraelys, ds S Kotzé/G Hendrich, 29 Mei 2009.

45 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Vraelys, ds S Kotzé/G Hendrich, 29 Mei 2009.

46 *Die Rhodesiër*, September-Desember 1976, p. 4 (So word gelofte in Rhodesië gedenk).

47 *Die Rhodesiër*, September 1975, p. 3 (So vier ons fees).

van Afrikaners in Rhodesië geword. Die Bothashof-skool het tot 1983 as 'n Afrikaansmediumskool gefunksioneer.⁴⁸ Die behoefte aan meer Afrikaanse skole het egter steeds bestaan.

Tydens 'n GRA-kongres in 1971 is daar byvoorbeeld 'n noodoproep gedoen omdat die regering ongeneë was om steun aan die oprigting van 'n Afrikaansmediumskool te verleen. Luidens 'n berig in *Die Rhodesiër* is daar soos volg op die erns van die kwessie gereageer: “Terwyl die politieke oorwegings van die Regering heeltemal begryplik is en ten volle verstaan word deur die protagoniste van opvoeding via moedertaal, kan daar nie sonder meer toegelaat word dat die Afrikaner op die huidige tydstip in die plaaslike situasie homself en sy kinders moet oorgee aan onteiening en verengelsing nie. Die taal- en kultuurverstomping en die geestelike insinking en kerk maatskaplike verwildering wat daarmee gepaard gaan, is 'n erosie wat Rhodesië nie kan bekostig nie.”⁴⁹ Hoewel daar tydens die bewind van Ian Smith 'n groter aanvaarding van Afrikaners was, het die regering die noodoproep geïgnoreer. Omdat die regering na 1965 toenemend weens hul eensydige onafhanklikheidsverklaring in die stryd teen ekonomiese sanksies en die eskalering van die Rhodesiese bevrydingsoorlog gewikkel was, is daar maar min aandag aan die pleidooie van minderhede verleen.

In sterk teenstelling met die streng implementering van apartheidswette in Suid-Afrika, het 'n mate van integrasie tussen blankes en die swart bevolking in Rhodesië bestaan. Die GRA het egter ongetwyfeld swaar geleun op die gedagterigting van afsonderlike ontwikkeling soos wat deur Afrikaner-kultuurorganisasies in Suid-Afrika ondersteun is. In 1968 het die GRA byvoorbeeld die Whaley-verslag, waarin Ian Smith en sy regering bepaal het dat integrasie en “gelyke regte” regverdigbaar is, verwerp. Daar is verklaar dat “die finale uitwerking daarvan die blanke se staatkundige en godsdienstige lewenswaardes nie net aantast nie, maar ook vernietig”.⁵⁰ Die blote gedagte van integrasie het lynreg teen die beginsels van die GRA ingedruis.

Dit blyk dat die ondeelnemendheid van sommige Afrikaners aan kultuurverwante aktiwiteite, toenemend 'n interne probleem vir die GRA geword het. Daar was klagtes dat die GRA-bestuur byvoorbeeld tydens Geloftefeeste nie genoegsame kultuurorganiserings in verafgeleë gebiede

48 G Hendrich, “Vereniger en opheffer: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Rhodesië”, *New Contree*, 62, November 2011, p. 165.

49 *Die Rhodesiër*, Mei 1971, p. 4 ('n Kwessie van eiewaarde).

50 *Die Rhodesiër*, 26 April 1968, p. 6 (GRA verwerp verslag).

gedoen het nie.⁵¹ In die stedelike gebiede was die mense onentoesiasies, waarop die GRA gepleit het vir die inskerping van kulturele waardes in huis- en gesinsverband. Weens die pluralistiese aard van die bevolking sou dit egter onmoontlik word om die ideaal van ’n suiwer Afrikaner-groepsgebondenheid deur middel van kultuur te bevorder.

As gevolg van die veranderende politieke omstandighede na 1975 het die snelle emigrasie van Afrikaners na Suid-Afrika of elders in Afrika veroorsaak dat die organisasie geleidelik stagnant geword het. Tydens ’n GRA-vergadering in 1976 te Bulawayo, het die gasspreker, prof. PS Dreyer, hoogleraar in wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria, die GRA-lede aangemoedig om met selfvolharding die volgende na te streef: “... [dat] ons [Afrikaners] nie ons hoop op buitelandse hulp [moet] vestig nie, maar ons moet probeer om self die knoop deur te haak”.⁵² Die afnemende Afrikaner-getalle het verder meegebring dat pleidooie om minderheidsregte nutteloos geword het. Desnieteenstaande was daar deurgaans ’n kern van GRA-lede wat vasbeslote was om met die organisasie voort te gaan.

Die Voortrekker-beweging

Die Voortrekker-beweging van Rhodesië het hom hoofsaaklik daarvoor beywer om die Afrikaner-jeug te betrek en die strewe van Afrikanerskap, Christenskap en broederskap te handhaaf. In die Unie van Suid-Afrika het die simboliese Ossewatrek-herdenking van 1938 daartoe bygedra om ’n nasionalistiese bewussyn onder Afrikaners aan te wakker. Ook in Rhodesië sou hierdie organisasie langamerhand as bolwerk teen die verengelsing van Afrikaners aldaar dien.

Die Eeufeesherdenking het ’n inspirerende uitwerking op Afrikaners in Rhodesië gehad. Tydens die 1938-eeufeesjaar het talle kultuurverwante kompetisies en byeenkomste plaasgevind. Die herdenking van die Groot Trek is in ’n gees van groot opgewondenheid bekendgestel. Die nasionalistiese gevoelens wat daarvoor in Rhodesië geheers het, word weerspieël in die Notuleboeke van die Afrikaanse Kultuurunie van Rhodesië (AKUR). In ’n notule van die algemene vergadering van 4 Maart 1938 word melding gemaak van die belangrikheid van die Eeufees: “Daar is nuwe lewe gebore uit die

⁵¹ *Die Rhodesiër*, 23 Februarie 1968, p. 6.

⁵² Anon., “Volk trek saam”, *Die Rhodesiër*, September- Desember 1976, p. 2.

Voortrekker Eeufeesjaar. Ons volk is nog bereid om hul tradisies na te lewe en [te] strewen”.⁵³

In ’n debatsbespreking tydens die vergadering het enkele Afrikaners hul menings op inspirerende wyse gelug. Ene Vermaak het byvoorbeeld metafories verklaar: “... die Afrikaners is soos ’n karoobossie stompie. Die lewe bly altyd daar. Ons moet net aanhou volhard en stry”. Ene Groenewald het bygevoeg dat “ons hier [vergeelyk kan word] as tak van die Afrikaner boom in die Suide wat nou bloei en groei”. Die voorsitter, ds. A Botha, het ook bemoedigend verklaar dat die “Afrikanernasie ontwaak”.⁵⁴ Daar is ook vir ’n verenigde front teen die administratiewe onderdrukking van Afrikaans, en die introuery en verengelsing van Afrikaners gepleit. Tydens ’n algemene vergadering van 29 Junie 1938 het Botha ’n beroep op die herlewing van die Afrikaners in Rhodesië gedoen: “Ons kan nie vandag meer wegtrek nie, maar ons kan wegwerp alles wat vreemd is en voortplant wat ons volkseie is. Mag die Heer ons help om daardie taal, godsdiens en tradisie wat vir ons oorgelewer (is) deur die Voortrekkers voort te plant”.⁵⁵

Tydens die Van Riebeeckfees van 1952 het die Voortrekkers op indrukwekkende wyse aan ’n simboliese Voortrekker-fakkelloop deelgeneem. Onder leiding van provinsiale leiers, soos DH Davel, CJO Groenewald en L Fourie, het die fakkelloop se eerste skof vanuit Salisbury begin. Die seremoniële fakkels is deur middel van aflosse na die verskillende Voortrekker-kommando’s, naamlik Bothashof, Beatrice, Enkeldoorn, Umvuma en Fort Victoria, aangestuur. Vandaar is die fakkels verder per motor na die Beitbrug-grenspos met Suid-Afrika vervoer waar die fakkeloorhandiging tussen Davel en JH Greybe, provinsiale leier van Transvaal, plaasgevind het.⁵⁶ In kulturele terme was hierdie gebeurtenis ’n hoogtepunt van die Voortrekkerbeweging in Rhodesië en die versterking van patriotisme onder Rhodesiese Afrikaners. In sy boodskap van volharding en patriotisme tydens die oorhandigingsseremonie het Davel onder andere gesê “dat die fakkels ’n simbool is van die vlam wat die Rhodesiërs na die beste van hul vermoë in die noorde brandende hou, ’n vlam

53 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 166: Notuleboeke, *Notule van Die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging van Daisyfield*, Notule van Algemene Vergadering, 4 Maart 1938.

54 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 166: Notuleboeke, *Notule van Die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging van Daisyfield*, Notule van Algemene Vergadering, 4 Maart 1938, p. 20.

55 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 166: Notuleboeke, *Notule van Die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging van Daisyfield*, Notule van Algemene Vergadering, 29 Junie 1938.

56 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 251: Die Volksgenoot (*Die Volksgenoot*, 6 Maart 1952, “Voortrekker-Fakkelloop is met geesdrif begroet op pad in S.R.”), pp. 4-5.

wat hul sal brandend hou en verder dra”.⁵⁷

Organisasies vir ontspanning

Ander belangrike kultuurorganisasies wat opheffingsrolle in die Afrikanergemeenskappe vervul het, het egter vir beperkte tydperke bestaan. Die Hulp- en Vriendskapsbond en die Jongedogtersbond, wat in 1939 gestig is met die doel om Afrikaner-mans en -vroue te verenig en hulle sodoende vir werksverskaffing na die Tweede Wêreldoorlog te beywer, het albei voor 1946 ontbind.⁵⁸ Kultuurorganisasies met die doel om die skone kunste te bevorder, het ook in Rhodesië ontstaan. In 1965 is die Salisbury Afrikaanse Toneel Organisasie (SATO) op die been gebring om veral Afrikaanse toneelspel en opvoerings te organiseer. SATO het tot in 1975 die aanbieding en beoefening van toneelspel moontlik gemaak. Soortgelyk aan SATO het die Afrikanerjeuglaer vanaf sy ontstaan in 1947 tot en met sy ontbinding tydens die Rhodesiese bosoerlog van 1965 tot 1980 volksang en volkspele bevorder.⁵⁹

Die Jukskei-organisasie wat in 1938 tot stand gekom het, het tot 12 jukskei-laers uitgebrei en met ’n sentrale jukskeiterrein te Gwelo, bekend as Jukskeipark, gespog. Tot in 1980 was hierdie organisasie steeds aktief betrokke by die spel, en verskeie van sy jukskeispelers het Rhodesiese sportkleure ontvang. Vervolgens het die Rapportryersbeweging in 1975 uitgebrei deur korpse te Salisbury, Bulawayo, Hartley, Marandellas en Sinoia te vorm.⁶⁰ ’n Wye verskeidenheid kultuurorganisasies waarin die Afrikaner se kultuur, sport en die beoefening van die skone kunste uitgeleef kon word, het dus in Rhodesië gefunksioneer.

In Salisbury was die Afrikaanse Klub veral gemik op sowel professionele beroepslui as Suid-Afrikaners wat op ’n nie-permanente basis vir maatskappye of in kontrakposte in Rhodesië gaan werk het. Hierdie Afrikaners het een keer per maand tydens ’n klubdinee in die George Hotel in Avondale vergader, en die klub het daarom dikwels ook as die “Noenmaal klub” bekend gestaan.⁶¹ Hoewel

57 WCARS, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 251: “Kan gemeenskaplike ideale van weerskante verstewig”, *Die Volksgenoot*, 6 Maart 1952, p. 1.

58 SS Walters, *Die kommunikasiebehoefies van die Afrikaans-sprekende in Rhodesië* (Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad), p. 86.

59 SS Walters, *Die kommunikasiebehoefies van die Afrikaans-sprekende in Rhodesië* (Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad), pp. 86-87.

60 SS Walters, *Die kommunikasiebehoefies van die Afrikaans-sprekende in Rhodesië* (Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad), p. 87.

61 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Onderhoud, R Cronje (Voormalige Rhodesiese Minister), 6 Mei 2009.

die Afrikaanse Klub nie uitsluitlik 'n kultuurorganisasie was nie, het dit tog sosiale verkeer tussen Afrikaners bewerkstellig. Sprekers oor aktuele sake soos Wickus de Kock, Minister van Inligting, Immigrasie en Toerisme en dr. DC Krogh, Adjunk-Goewerneur van die Rhodesiese Reserwebank, het dikwels informatiewe toesprake aangaande plaaslike en internasionale kwessies en tendense gelewer. 'n Goedgeorganiseerde bestuursliggaam, bestaande uit CJ Rhoode (voorsitter), CF Louw (ondervoorsitter), WP Breytenbach (sekretaris), GJ Joubert (penningmeester) en PJ Roux is in Julie 1974 aangestel om gereelde byeenkomste te reël.⁶²

In Bulawayo is 'n Afrikaner-vriendekring in die laat sewentigerjare op die been gebring om die skakeling tussen die Afrikaner-gemeenskap in die stad te versterk. Bertus Scholtz, Rudi Rascher, Frank Herbst en Mart Nel was die leidinggewende lede van dié vriendekring. Dr. Johan Steenkamp en die latere voorsitter, ds. Barry van Wyk, het ook as welsprekende lede opgetree. Ander vooraanstaande vriendekring-lede was Piet Fourie, Eddie Rademeyer, Johan Venter en Theo Beukes. In Maart 1977 het 'n berig in *Die Rhodesiër* alle "stoere boere" en belangstellende Afrikaner-inwoners uitgenooi om by die sosiale byeenkomste van hierdie vriendekring aan te sluit.⁶³ Dit is duidelik dat ook hierdie organisasie daarop gemik was om die vervreemding of afgesonderdheid van Afrikaners in die Bulawayo-omgewing teen te werk.

Die Rhodesiese Afrikaner-aksielring (RAAK) was 'n hoogs vertroulike organisasie wat hoofsaaklik ten doel gehad het te pleit om vir Afrikaner-minderheidsregte, insluitende taal-, godsdienst-, onderwys- en taalregte. Polities het hierdie organisasie geen verbintenisse met konserwatiewe Afrikaner-organisasies in Suid-Afrika, soos byvoorbeeld die Ossewabrandwag of Afrikaner Broederbond, gehad nie.⁶⁴ Weinig historiese rekords bestaan oor RAAK, maar dit is bekend dat lidmaatskap slegs op uitnodiging geskied het. Die werkswyses van RAAK was op die beginsels van 'n "dinkskrum" geskoei.⁶⁵ Volgens ds. Sarel Kotzé, wat die sekretaris en voorsitter van die Salisbury-tak van RAAK was, het die organisasie die behoeftes van die Afrikaners opgevang en bespreek. Een van die belangrikste behoeftes was om Rhodesiese Afrikaners in kultuurverband te mobiliseer. 'n Belangrike uitvloeisel van hierdie organisasie was dat die gedagte om 'n Afrikaanse koerant uit te gee onder RAAK-lede posgevat het. Die redaksionele bestuurslede van die twee Afrikaanse koerante,

62 Anon., "Afrikaanse klub aktief", *Die Rhodesiër*, Oktober 1974, p. 6.

63 Anon., "Afrikaner-vriendekring Bulawayo", *Die Rhodesiër*, Maart 1977, p. 13.

64 Persoonlike e-pos: S Kotzé/G Hendrich, 13 September 2009.

65 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Vraelys, ds S Kotzé/G Hendrich, 29 Mei 2009.

onderskeidelik *Kern* en sy prominente opvolger *Die Rhodesiër*, sou veral uit hierdie organisasie kom.⁶⁶ Hulle het die hoop gekoester dat hierdie koerante as mondstuk vir Rhodesiese Afrikaners sou dien. Op sosiale vlak het RAAK-lede in hul onderskeie gebiede as motivering gedien vir ander Rhodesiese Afrikaners om aan kultuurverwante feeste deel te neem. Dit is duidelik dat RAAK die eksklusiefste organisasie vir Rhodesiese Afrikaners was.⁶⁷

Ondergang

Teen 1980 het die politieke gety drasties teen die blanke minderheidsbewind gedraai met verskerpte terreuraanvalle, sanksies en 'n uitmergelende bosoorlog. Nadat politieke onderhandelinge te Lancaster House in Londen tussen die strydende faksies plaasgevind het, is ooreengekom op 'n algemene verkiesing in Rhodesië. Op 4 Maart 1980 het ZANU-PF onder leiding van Robert Gabriel Mugabe die verkiesing met 'n volstrekke meerderheid gewen.⁶⁸ Daarmee was die bevrydingstryd van bykans twaalf jaar verby. Die Republiek van Zimbabwe is op 18 April 1980 uitgeroep.

Aangesien die Afrikaners as 'n geslote gemeenskap met etnosentriese waardes ontwikkel het, het die groep se kultuurbelange en geloofsoortuigings direk met die nuwe begrippe van die meerderheidsbewind gebots. Begrippe soos 'n Marxistiese kultuurstelsel, diversiteit en akkulturasie is deur Afrikaners as onaanvaarbare bedreigingsbeskou.⁶⁹ Op interkulturele gebied het skoolintegrasie van blanke en swart skoliere in die praktyk byvoorbeeld besondere probleme veroorsaak. Aangesien Zimbabwiese leerplanne hoofsaaklik in Engels (geskoei op Britse leerplanne) was, is onder andere Afrikaanse skole soos Bothashof genoop om ter wille van toenemende swart leerlinggetalle te verengels. Die onderrig van Afrikaanse kultuur-, Christenskap- en buitemuurse aktiwiteite in staatskole is uit vrees vir moontlike regeringinmenging bemoeilik. As 'n weerspieëling van die Afrikaner, asook ander blanke Zimbabwiërs, se oorwoë onwilligheid om te integreer, het ongeveer 52 blanke privaatskole tot stand gekom, maar waarvan slegs enkele tot in 2000 in gebruik was.⁷⁰

66 Persoonlike e-pos: S Kotzé/G Hendrich, 25 Julie 2009.

67 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Vraelys, ds S Kotzé/G Hendrich, 29 Mei 2009.

68 G Hendrich, *Die geskiedenis van die Afrikaner in Rhodesië (1890-1980)*, p. 275.

69 SS Walters, *Die kommunikasiebehoefes van die Afrikaans-sprekende in Rhodesië* (Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad), p. 144.

70 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Onderhoud, S Viljoen/G Hendrich, 8 Mei 2009.

In April 1981, slegs 'n jaar na die bewindsoorname, het 'n nuwe Afrikaanse organisasie, bekend as die Afrikaner-gemeenskap van Zimbabwe in Harare (voorheen Salisbury), tot stand gekom. Tydens die laaste kongres van die Genootskap van Rhodesiese Afrikaners het dr. Konstant Burnette, 'n Afrikaner-sakeman, in 'n toespraak oor die aanpasbaarheid en implikasies van die Afrikaner-minderheidsgroep in 'n sosialistiese staatsbestel uitgebrei. Burnette het verklaar dat die Afrikaner steeds 'n belangrike funksie en "daadwerklike rol" in die bestel mag speel om "...soveel invloed moontlik uit te oefen in die nywerheid, op landboukundige gebied en die politiek, waardeur standvastigheid bevorder sal word".⁷¹ Tydens die kongres het onder andere twee Afrikaner-boere, te wete Schalk van der Merwe van Mazoe en Danie Theron van Gutu, egter kritiek gelewer dat Afrikaners moes waak teen negatiwiteit of neutraliteit en 'n "swartgallige benadering" – faktore wat die Afrikaners se teenwoordigheid in Zimbabwe betekenisloos kon maak.⁷²

Die kultuur-historiese erfenis van die Afrikaner in Zimbabwe het ook in gedrang gekom. Ingevolge die regering se beleid van dekolonialisering het die oorblywende gedenktekens en monumente ter nagedagtenis aan blanke setlaars en hul opofferings in die pad van politieke verandering gestaan. Die Voortrekkermonument by Melssetter, wat die enigste tasbare simbool van Afrikanerskap in Zimbabwe was, is uiteindelik met die grond gelyk gemaak.⁷³ Die vyfjaarlikse herdenking van Gelofte dag by dié monument is ook weens politieke omstandighede gestaak. Danksy pogings om dit as nasionale gedenkwaardigheid te verklaar, het die nabygeleë Voortrekkerkerkie vir die nageslag behoue gebly.⁷⁴ Talle "setlaarsmonumente" is gesloop en met die verlies van die Voortrekkermonument is die kulturele nalatenskap van die Rhodesiese Afrikaners onherstelbaar geskend.

Samevatting

In historiese verband is dit opmerklik dat 'n minderheidsgroep soos die Afrikaners in die destydse Rhodesië hulself relatief suksesvol teen die potensiële assimilasië in die dominante Engelssprekende Rhodesiese samelewing gehandhaaf het. Dit blyk egter dat die bestaan en instandhouding van

71 Anon., "Afrikaner in Zimbabwe het belangrike funksie", *Hoofstad*, 2 April 1981, p. 7.

72 Anon., "Afrikaner in Zimbabwe het belangrike funksie", *Hoofstad*, 2 April 1981, p. 7.

73 Persoonlike e-pos: M Beukes/G Hendrich, 19 Maart 2009.

74 Anon., "Van Tienie Fourie uit Salisbury", *Die Volksblad*, 20 Desember 1980, p. 4.

Afrikaner-belange in Rhodesië nie sonder die stukrag van kultuurorganisasies en die Afrikaner-kerke, bewerkstellig kon word nie. Die weldeurgronde ondersteuning van hul kultuur kan grootliks toegeskryf word aan AKUR en die GRA se besorgdheid om die Afrikaner-kultuur lewend te hou. Uit 'n sosiologiese oogpunt wil dit voorkom of daar in Rhodesië 'n vakuum onder Afrikaners ontstaan het, aangesien die wyse en ywer van kultuurbeoefening op die lange duur van dié van Afrikaners in Suid-Afrika verskil het. Geloftedag is byvoorbeeld met besondere toewyding deur Rhodesiese Afrikaners herdenk, terwyl daar in Suid-Afrika merendeels 'n wisselvallige belangstelling oor hierdie kulturele aangeleentheid geheers het. Volks- en Geloftefeeste is met oorgawe gevier, en dit het in nouer samewerking met die Afrikaanse kerke daartoe bygedra om die Afrikaner-kultuur in Rhodesië te handhaaf. Die onderliggende taak van die GRA was om te verenig. Die GRA-voorsitter was die volgende mening toegedaan: “...ek kan vir Rhodesië alleenlik iets beteken as ek 'n ware en waardige Afrikaner is”.⁷⁵ Die Afrikaner-minderheidsgroep het dus in die meeste gevalle 'n groepsgebondenheid openbaar en terselfdertyd daarna gestreef om “hulself” te wees en om sodoende hul kulturele identiteit te behou.

⁷⁵ Anon., “Ons taak het geen einde”, *Die Volksgenoot*, Februarie 1974, p. 3.